



FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: nuusbrieff@framesby.co.za

Uitgawe 131: 8 September 2017

DIE JAAR SPOED TEN EINDE

In baie opsigte was 2017 'n besondere jaar met baie hoogtepunte, maar soos dit gaan, ook 'n paar minder goeie oomblikke. Daar is egter nog 'n paar maande oor en elkeen moet nou die geleentheid aangryp om seker te maak dat hierdie jaar vir al die regte redes onthou word. Die matrieks worstel reeds met die September-eksamen, en voor hulle hul oë uitvee begin die eindeksamen. Dieselfde geld vir die Graad 10's en 11's. Hul eindeksamen-roosters sal volgende week geplaas word.

Hier word soveel geleenthede geskep vir deelname en ontwikkeling, en leerders moet dit nie laat verbygaan nie. Kyk maar die atletiekliniek wat pas aangebied is. Kom meld aan as jy atletiek wil doen! Jy sal die beste afrigting ontvang deur toegewyde en entoesiastiese afrigters. Dieselfde geld die krieket. Net so is dit sommer nou tyd om vir volgende jaar te begin oefen. Moenie 'n oomblik mors nie!

REËLINGS VIR DIE TOETSREEKS

Die reeks van toetse wat tydens die eerste kwartaal geskryf is, is tydens die skooldag gedoen waarna onderrig normaal voortgegaan het. Die komende toetsreeks neem egter die vorm aan van 'n mini-eksamen, alhoewel al die toetse bloot standaard-kontrole-toetse sal wees soos voorgeskryf in die Assesseringsprogram vir elke van vir die derde kwartaal. Die tydsduur van alle toetse is maksimum een uur en elke toets sal slegs handel oor die werk wat in hierdie kwartaal gedoen is. Dis egter baie belangrik dat elke leerder 100% moet seker maak waaroor die toets sal handel. Die punte van hierdie toetse vorm deel van die Skoolgebaseerde Assesseringspunt vir die jaar. Die punt wat op die rapport vir hierdie kwartaal verskyn, sal 'n saamgestelde punt van die kwartaal se werk wees. Dis baie belangrik dat ouers moet kennis neem van die punt wat elke leerder in die betrokke toets verwerf, aangesien die punte vir take en opdragte dikwels misleidend hoog kan wees. Hierdie toetsreeks dien as voorbereiding vir die eindeksamen, en daarom word 'n eksamen-atmosfeer geskep.

Daar word elke dag voorsiening gemaak vir twee skryfsessies. Leerders wat tydens die eerste sessie skryf moet om 07:40 by die eksamenlokaal aanmeld. Daar word voorsiening gemaak vir 'n kort studiesessie en 'n pouse, waarna die toetse tot 10:00 geskryf word. Die leerders wat nie in die tweede sessie betrokke is nie, kan dan huietoe gaan. Leerders wat in die tweede sessie skryf moet om 10:30 by die eksamenlokaal aanmeld. Dieselfde prosedure geld as tydens die eerste sessie en die skryftyd eindig om 13:00, waarna die leerders huietoe kan gaan. Leerders wat nie op 'n bepaalde dag skryf nie, mag tuis studeer. Dis egter 'n vergunning en geen leerder mag voor 13:00 in die openbaar rondloop nie. Versuim om aan hierdie bepaling gehoor te gee kan daartoe lei dat die leerder die vergunning van tuisstudie verbeur.

Die Graad 12's se eksamenreëlins word deur die Departement bepaal en hulle hou reeds baie getrou daarby. Sterkte met die Toetsreeks!

**ONTHOU FRUK SE
MIDDAGTEE
VOLGENDE
SATERDAG IN DIE
SKOOLSAAL!**

**STERKTE AAN
FANTASIA, FORTE EN
ONS
MUSIEKLEERDERS
MET MÔRE SE
KOFFIEKONSERT IN
DIE SKOOLSAAL!**

**Daar is nog kaartjies vir
beide beskikbaar!**

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag

Abigail Appelgryn 11A
Ruché De Klerk 12D

Sondag

Deneshia Chambers 8D
Jodi Cilliers 10E
Zander Deysel 12A
Cornelius Greeff 9F
Divan Meyer 11B

Maandag

Leah Blom 11D
Zane Smit 10D

Dinsdag

Ziané Booysen 9C
Sebastian Brandt 10E

Woensdag

Micaela Kotze 11A

Donderdag

Izak Steyn 9C

Vrydag

Tristan Weyers 11E

FRAMESBY BLY BESIG

NUWE MONITORBESTUUR EN HOOFLEIERS GEKIES



Ons hoofleiers: Luan Ras, Ruan Reinhardt, Megan Tait en Vicky Oelofse.

Die Monitorbestuur-opleidingskamp word in die laaste week van hierdie kwartaal by Elandsrivier aangebied. Baie sterkte ook aan die personeel wat daar betrokke sal wees, in besonder mev. Schoeman en mnr. Van Niekerk.

Die nuwe Monitorbestuur vir 2017/18 is onlangs gekies en verlede week ingehuldig. Alhoewel hierdie bestuur nie eintlik enige uitvoerende magte het nie, bied dit tog 'n wonderlike geleentheid aan 'n groep leerders om hulself te laat geld binne 'n omgewing waar min mense altyd seker is wat reg en wat verkeerd is. Maklik is hierdie taak beslis nie, en ongelukkig het die ondervinding geleer dat baie van hierdie verkose leiers terugdeins vir die verantwoordelikhede en uiteindelik glad nie die geleentheid aangryp om, nie net in ander se lewens nie, maar veral ook in hul eie lewens, 'n reuse-verskil te maak. Mag hierdie nuwe groep werklik die geleentheid aangryp.

Die dames op die nuwe Monitorbestuur is Mieke Alberts, Abigail Appelgryn, Leah Blom, Ané du Plessis, Huné Erwee, Lané Ingram, Ingebörg Jordaan, Stephanie Oberholzer, Vicky Oelofse, Marné Olivier, Megan Tait en Elzabé van Niekerk, almal volgende jaar Graad 12, en Eza Ferreira, Deidri Odendaal, Carli van Onselen en Nina Woithe, die Graad 11-lede. Die seunslede is Janno Agenbag, Niël Alberts, Jonah Draai, Ruan Gerber, Kyle Gunn, Nico Nell, Conray Nortje, Louis Potgieter, Luan Ras, Ruan Reinhardt, Rikus Smith en Bernardt Vlok, (Graad 12's) en Gihan Abrahams, Christo Grobler, William Moffat en Marius van Rooyen, die Gr. 11's.

VYF ATLETE IN OP-SPAN

Die OP-Landloopspan wat hierdie naweek op Potchefstroom aan die SA-Kampioenskappe gaan deelneem, is onlangs aangekondig. Baie geluk aan die volgende Framesby-atlete wat ingesluit is: Vicky Oelofse, Lara de Bloe, Wehan Smith, Janno Agenbag, Bjorn Ferreira. Baie geluk in besonder aan Wehan wat vir die eerste keer die OP gaan verteenwoordig! Baie sterkte!

Die hoofleiers vir die volgende termyn is ook verlede Donderdag aangekondig. Baie geluk aan Ruan Reinhardt en Megan Tait met hul verkiesing tot hooseun en-meisie, asook Luan Ras en Vicky Oelofse, wat as onderhoofseun en -dogter aangewys is. Baie geluk en baie sterkte met julle termyn. Mag julle werklik suksesvol wees in al jul pogings en mag die span van 2017/18 nog lank in Framesby onthou word!

TOETSREEKS BEGIN: HIERDIE WEEK SE ROOSTER

Die September-toetsreeks begin eerskomende Donderdag en die toetse word elke dag in twee sessies afgehandel. Die eerste sessie begin om 07:40 en duur tot 10:00. Die tweede sessie begin 10:30 en duur tot 13:00. Leerders kan tuis studeer wanneer hulle nie skryf nie. Alle vraestelle handel slegs oor hierdie kwartaal se werk.

	Sessie	Graad 8	Graad 9	Graad 10	Graad 11
Don. 14 Sept.	1	Wiskunde – SGA	Nat. Wet. (FW)	English	Afrikaans
	2	Wiskunde-toets		CAT/IT	Verbruikers
Vry. 15 Sept.	1	Afrikaans	English	Rekeningk.	Fisiese Wet.
	2		Tegnologie	Geografie	Toerisme

PROGRAM VIR DIE WEEK 9 TOT 15 SEPTEMBER

Saterdag 9 September	Sondag 10 September	Maandag 11 September	Dinsdag 12 September	Woensdag 13 September	Donderdag 14 September	Vrydag 15 September
Krieket		Dag 6 Gr. 12 Eksamen	Dag 7 Gr 12 Eksamen	Dag 8 Gr 12 Eksamen	Toetsreeks Gr 12 Eksamen Beheerliggaam	Toetsreeks Gr 12 Eksamen

NOG BEDRYWIGHEDA


AFRIKAANSWEEK 'N GROOT SUKSES

Van 14 tot 18 Augustus het ons Afrikaans-departement al die klasse in rep en roer gehad tydens die Afrikaansweek. Die doel was om almal net weer bietjie bewus te maak van ons wonderlike taal waarmee ons dikwels so roekeloos en onverskillig omgaan. Vir elke Graadgroep is daar die interessantste aktiwiteite uitgedink en 'n groot klaskompetisie is van stapel gestuur. Van die wenstukke is hieronder te sien. Pragtig! By die Gr. 8's was die 8A-klas die wenners, terwyl Jaric Swart die beste gevaar het by die Gr. 9's. Die beste Whats-App boodskap in korrekte Afrikaans is deur die 10F's geskep, terwyl Luan, Ruan, Barry, Conray en Carus se film die beste was. Hanli, Lariney, Danielle en Amber was ongelooflik met hul woordblokke!

OPDRAGTE:


- GR. 8 : WOORDBOU TE VOET
14 & 15 AUGUSTUS 2017
- GR. 9 : GRAFIESE VOORSTELLING VAN IDIOME
16 AUGUSTUS 2017
- GR. 10 : DIE LANGSTE WHATTSAPP - BOODSKAP IN KORREKTE AFRIKAANS MET DIE MINSTE FOUTE. (TEMA: KOS)
17 AUGUSTUS 2017
- GR. 11 : 'N KORT FILM (TEMA: DROOMDELWERS)
18 AUGUSTUS 2017
- GR. 12 : 'N WOORDBLOK OOR HUL AFRIKAANS KLAS
18 AUGUSTUS 2017

EN DIE WENNER IS...



NAASWENNERS: BIANCA BRITS; SIMONE DE BEER; DANIELLE ESTERHUYSE; ANOUSKE TRYTSMAN

DERDE PLEK - KARLA BARNARD; ELSJE DUCHATT; SIMONE ROBBERTS; TESSA STRAUSS



SUKSESVOLLE ATLETIEKKLINIEK HIER AANGEBIED

Tydens die afgelope week was ons atletiekbaan 'n miernes van bedrywighede toe 'n baie suksesvolle afrigtingskliniek hier vir ons atlete aangebied is. Sowat 120 Framesby-atlete het oor 3 dae aan die kliniek deelgeneem.

Drie van die beste afrigters in die land het saam met van die beste plaaslike afrigters ons atlete en eie afrigters touwys gemaak. Vir die middelafstande het ons Willie Engelbrecht ingevoer. Sy atlete het reeds 139 medaljes by SA Kampioenskappe verower. Sonette Sanders, afrigter van verskeie SA Kampioene, het die atlete die fynere kunsies van hoogspring gewys terwyl Yolande van Langelaar, SWD-afrigter van formaat die verspring- en driesprongatlete onder hande geneem het. Ons het gestrek, geleer, geluister en geoefen. Dit is ons atlete se petrol vir die komende seisoen, en almal is hoogs gemotiveer vir die komende seisoen!

Baie dankie aan mev. Cronje vir hierdie wonderlike inisiatief en al die harde werk. Ons weet sommer ons atlete gaan weer KOOK hierdie seisoen!

IETS VIR DIE SIEL EN ALGEMEEN

DIE KRAG VAN VERSOEKING

Daar is 'n punt waar 'n mens nog vir 'n versoeking nee kan sê. As jy dit nie doen nie, laat jy die vyand in jou vesting binnekom en raak jy betrokke in 'n ongelyke stryd waarin jou kans om te oorwin, uiters gering is.

'n Versoeking is vergelykbaar met 'n virus waardeur ons aangetas word. 'n Mens vra nie daarvoor nie. Jy leef in 'n wêreld vol kieme en dit is feitlik onvermydelik dat jy van die kieme sal opdoen. Dan begin die stryd tussen ons liggaam en die virus, en die vraag is of ons liggaam die infeksie kan afskud of daardeur besmet gaan word.

Die groot verskil is egter dat 'n infeksie deur 'n virus as 'n biologiese besmetting oor ons kom waaraan ons meestal geen morele skuld het nie. Maar in die geval van 'n versoeking is ons verantwoordelikheid van die begin af in die spel. Of dit van ons hart besit gaan neem, word bepaal deur die manier waarop ons daarop reageer.

Jakobus skryf in sy brief dat die mens gelukkig is wat in versoeking standvastig kan bly. Versoekings kom op elke mens se pad, maar of 'n versoeking vir iemand tot 'n verleiding word, hang daarvan af of dit aansluiting vind by die sondige begeertes wat in hom is en daardeur aangespoor word om daarop in te gaan (Jakobus 1:12). Versoekings doen 'n beroep op begeertes wat in ons sondige natuur aanwesig is. Die begeertes roep om bevrediging en probeer om ons mee te sleep. As 'n mens toegee aan die begeertes wat in jou ontwaak, word die sonde gebore en voltrek sy dodelike rypingsproses in jou lewe (vs.14-15).

Die kritieke punt lê dus by ons reaksie op die roepstem van ons eie begeertes. Op daardie moment kan ons nog nee sê teenoor 'n versoeking. Ons is nie 'n willose prooi van 'n infeksie wat homself met biologiese wetmatigheid in ons voltrek nie. Ons is verantwoordelike mense wat die drange van ons hart moet onderskei en beheer. Ons kan deur Gods genade versoekings afwys en ontvlug.

Paulus skryf aan die Korintiërs dat geen bomenslike versoekings op hulle weg gekom het nie. God is getrou en sal nie toelaat dat hulle bokant hulle kragte versoek word nie (1 Korintiërs 13:10). Versoekings kan nie met ons maak wat hulle wil nie. Wie sy toevlug tot God neem, sal vind dat God die krag gee om versoekings te weerstaan. Wat ons van God moet vra, is die vermoë om versoekings as versoekings te herken en te hanteer. Die gevaar is dat ons verblind word om versoekings as geleenthede te sien wat God op ons weg bring om geluk of sukses te kan smaak. Die duiwel fluister baie keer vir mense dat God hierdie groot nuwe liefde of hierdie geleentheid om vinnig ryk te word, op hul weg bring. In plaas daarvan om die leuen te herken, laat selfs Christene hulle bekoor deur die soet geur van die verleiding. Maar op die ou end brand dit soos vuur.

Uit *Die Burger* 21 Januarie 1989

GR. 12-EKSAMEN DIÉ WEEK

Die Graad 12-eksamen is reeds twee weke aan die gang. Baie sterkte aan al ons Matrieks met hul voorbereiding. Die volgende vakke word hierdie week geskryf:

	09:00	14:00
Ma. 11 Sept	FW V2 (3h)	Mus. V1 (3h)
Di. 12 Sept		
Wo 13 Sept	Geo. V1 (3h)	Geo V2 (1½h)
Do 14 Sept		
Vr 15 Sept	Wisk/WG V1 (3h)	Mus. V2 (1½h)

O/15 SEWES-SPAN NA GIM

Ons O/15-rugbyspan het die afgelope twee jaar baie goed gedoen en sluit hul junior jare by Framesby af met hul deelname aan die Marius Schoeman 7's-toernooi wat hierdie naweek by Paarl Gimnasium aangebied word. Dit is 'n besondere taai toernooi deurdat al die wedstryde Saterdag plaasvind. Elke span kan dus tot 7 wedstryde op een dag speel! Verder is al die "groot" kanonne daar verteenwoordig.

Baie sterkte manne! Ons twyfel nie dat julle ons naam baie hoog gaan hou nie!



Wehan Smith wat ingesluit is in die OP-Landloopspan